Wittenberg Skule

Posbus 501; Piet Retief; 2380
Tel. 071 604 2804
Faks. 086 517 5294
Selnr. 071 604 2804 / 071 604 3344
E-Pos: wittenberg@skyafrica.co.za / laerskoolwittenberg@gmail.com

Maandag, 13 April 2020

Geagte ouer

Na aanleiding van die aankondiging deur die President dat die tydperk van afsondering verleng is tot einde April, wil ons graag die volgende aan julle deurgee:

- Skool begin: Die jongste besluit is dat die leerlinge op 4 Mei weer terug in die klasse moet wees. Daar is egter verskeie berigte wat die rondte doen (van hulle sekerlik ook fopnuus) dat die tydperk, veral vir skole, nog verder verleng gaan word.
- Akademie: Die Onderwys Departement is van mening dat die akademiese jaar nog nie verlore is nie, maar versoek tog dat skole, wat aanlyn-fasiliteite het, werk aan die kinders moet stuur.
- Skoolwerk by die huis: Ons as personeel gaan begin om in sekere vakke gereeld werk huis toe te stuur. Veral in tale, wiskunde en EBW. Onderwysers gaan WhatsApp-groepe stig en dan verder so met u kommunikeer. Die onderwyser sal u elke keer genoeg tyd gee om die werk rustig te voltooi voordat die volgende werk gestuur sal word.

  Alles word per WhatsApp gestuur. Toegang tot genoegsame data kan vir ouers beperk wees, maar ons vra dat u maar vroegtydig ’n WhatsApp–data bundel aankoop. Die “kommunikasie” deur elke onderwyser met die ouers behels die deurstuur van inligting oor die nuwe werk, die werksvelle, die antwoorde ’n paar dae later (ouers merk) en selfs video’s waar die werk verduidelik word.

As personeel versoek ons ouers om nie slapelose nagte te hê oor die akademie nie. Wat ookal vir ons voorlê, is ons as personeel oortuig daarvan dat ons die werk wel sal kan voltooi, ons standaard sal kan handhaaf en die kinders gereed sal wees vir die volgende jaar.

Pas julself op en bly gesond!

Groete,
Personeel